

Inhoud Hierdie preek wys dat gelowiges nooit die dood as deel van die lewe kan aanvaar nie. Christus gee ons die ewige lewe en gaan die dood uit die nuwe skepping wegneem want die dood is nie deel van die lewe soos God dit bedoel, gee en herstel nie. Daarom kan Christene nooit die dood van 'n geliefde vrolik vier as deel van die lewe nie, maar rou hulle altyd oor die dood as protes uit die sekerheid en krag van die lewe wat die Here gee.

Skriflesing Openbaring 21: 1 – 7; Gen. 17:3 – 7

Teks Open. 21: 5: “Hy wat op die troon sit, het gesê: “Kyk, Ek maak alles nuut.”

1. Dit is klaar!

Dit is die diepste slag wat ons tref met die dood. Dit is klaar. Dit is verby. Dit is die einde. Die veroudering, die aftakeling en die agteruitgang van die lewe is verby. Dit is nou klaar!

Wat is klaar?

Dit is die lewe wat klaar is. Die lewe het agteruit gegaan, die lewe is afgetakel en die lewe het verval.

Dit is ook die slag wat elkeen van u as familie en geliefdes getref het met die dood van Rina. Dit is klaar! Dit is verby! Die is die einde. Die agteruitgang en aftakeling van haar liggaam en siel!

2. Ons eerste reaksie op hierdie slag van die dood is gewoonlik: dit is nou maar eenmaal net deel van die lewe! Dit is maar net soos die lewe is en ons moet bly wees oor die lewe.

Hierdie reaksie maak dat mense ook nie meer vandag gedenkdienste as roudienste wil hou nie. Hulle wil met mense se dood hul gedenkdienste as 'n diens hou waarin hulle die een wat dood is se lewe vier. Só word die dood al meer gevier met vrolike gedenkdienste waarin mense lag en gesellig is.

Want die dood is mos deel van die lewe!

Ons kan dit egter nie vandag oor Rina dink of doen nie: dit is nou klaar, kom ons vier haar dood as deel van haar en ons lewe! Net op 'n persoonlike vlak mag ons dit nie met Rina doen nie. Reeds in 1978 het sy haar eie begrafnisbrief opgestel en daarin gesê ons moet vandag saam Openbaring 21 verse 1 tot 7 lees en oordink! Dit is hoekom dit vandag ons teksgedeelte is.

Wat glo het sy geglo só is die lewe! Hoe? Wanneer is dit klaar? U moet weer vers 6 lees en hoor! Wie sê wanneer is dit klaar en hoe sê hy dit?

Dit is die Here Jesus wat aan die regterhand van die Vader sit en Hy se nie: "Dit is klaar, dit is verby, dit is die einde nie."

Hy sê: "Dit is afgehandel!"

3. Wat is die verskil tussen ons wat met Rina se dood en oor Rina sê: "Dit is klaar, dit is verby, dit is die einde!", en die Here Jesus wat sê: "Dit is afgehandel!"

Ons sê dit as 'n bevestiging dat haar agteruitgang, haar verval en einde, is die einde van haar lewe. Haar lewe is verby. Daarom sê ons dit as 'n gelatenheid oor ons magteloosheid en haar magteloosheid teen die dood. Ons verklaring: "Dit is nou klaar!" is niks anders nie as 'n geloofsbelydenis van onmag nie.

Wanneer die Here sê: "Dit is afgehandel!" dan bevestig die Here daarmee die magsuitspraak wat Hy eerste gemaak het: "Kyk Ek maak alles nuut!" Die Here se verklaring is nie 'n belydenis in gelatenheid oor die onmag oor die dood nie. Dit is 'n magsverklaring oor die einde van die dood se mag.

Daarom verklaar die Here hierdie uitspraak met die woorde dat Hy ons uit die fontein van lewegewende water laat drink. En hierdie water wat lewe gee, gee Hy vir ons verniet. Ons drink verniet die lewegewende water.

Wanneer hierdie lewegewende water ons nuut maak en nuut laat leef, dan het die Here alles afgehandel sodat ons nuut vir ewig met Hom sal leef.

4. Wie is hierdie Here wat die magsuitspraak maak: "Ek maak alles nuut."

Die glorie en majesteit van hierdie openbaring van die Here aan die regterhand van die Vader, met die almag en heerlijkheid wat Hy beklee kan maklik maak dat ons nie hoor wie hierdie verklaring maak nie.

Dit is die Here Jesus wie se liggaam en siel as mens so afgebreek, so afgetakel, so verniel en gebreek is, deur die marteling en vernieling van die kruisiging dat Hy uit geroep het: "My god, my God waarom het U My verlaat?" Dit is egter ook die Here Jesus wat deur sy krag as God self as mens uit die dood liggaamlik opgestaan het, om vandag nog steeds die mens van liggaam, siel en gees te wees soos Hy aan sy dissipels op Paassondagaand verskyn het en vir hulle gesê het: Voel aan my en kyk, 'n gees het nie vleis en bene soos julle sien ek het nie."

Dit is die Here wat as mens dood in die graf was en vandag lewend mens in die hemel is wat dit verklaar.

Hy is God, die Here wat met volmag die mag van die dood oor sondaars vernietig het. Hy maak die lewe die einde sodat die dood nooit ons einde kan wees nie. Hy breek die mag van die dood om alles klaar te maak, deur ons te laat deel in die lewe wat Hy geskep het deur sy eie opstanding uit die dood uit. Hy is self die fontein van lewendgewende water. Hy het uit die graf en dood opgestaan om die lewe ons einde te maak. Ons dood is nie meer ons einde nie.

5. Daarom noem die Here homself in hierdie verse in Grieks net soos in die begin van die boek Openbaring in hoofstuk 1 vers 8: “Die Alfa en die Omega.” volgens ons alfabet en in Afrikaans noem die Here Homself: die A en die Z, bedoeling Hy is die begin en die einde en alles tussenin.

Hy het sy skepping begin en Hy sal sy skepping afhandel!

Wat Hy begin het, die hele kosmos, hemel en aarde, bedoelende hierdie planeet en die hele kosmos, het Hy gemaak en Hy sal dit nuut maak.

Ons mag nooit toegee aan hierdie wanopvatting van God dat omdat een mens sonde doen, Hy so kwaad en vernielsugtig word, dat Hy alles wat Hy gemaak het gaan breek en verbrand nie. So asof Hy sy kosmos sal laat agteruitgaan, laat verval en vernietig sodat daar niks meer daarvan sal oorbly nie, sodat dit ook klaar is nie!

Dit is teen alles hoe god Hom openbaar. My maak die kosmos waarmee Hy begin het, die nuwe blyplek vir mense wie Hy lewendgewende water gegee het om vir ewig mens met Hom in sy nuwe skepping te wees.

Hy het Homself die nuwe mens van die nuwe skepping gemaak sodat God vir altyd met ons sal leef in sy nuwe skepping. Hy is die begin van sy skepping en Hy is die einde van sy skepping deur dit te vernuwe, nie te breek en verniel nie.

Selfs vandag is dit waar. Niks waarmee die Here vandag in die kosmos mee besig is, is 'n vernieling van sy skepping nie. Uit elke ster wat uitbrand en elke planeet wat opbreek word nuwe sterre en planete gemaak.

6. Hoe nuut?

So nuut dat die dood nie weer in die nuwe skepping sal wees nie. Nie rou nie, nie pyn nie en nie smart nie. Geen roumart en pyn oor die dood nie! Want die dood kan nooit deel van die lewe wees nie!

Om te huil oor Rina is nie maar deel van ons lewe met Rina nie. Ons lewe saam met Rina was om saam met haar te lag. Niemand kan oor die lewe huil en oor die dood

lag nie. Ons huil omdat sy nie meer saam met ons lewe nie. Ons huil nie oor haar lewe nie nie, ons huil oor haar dood.

Die diep pyn wat elke senuweedraad en elke spiersel in elke deel van ons liggaam, siel en gees deurdring is pyn oor haar dood, nie pyn oor die lewe nie. Pyn gaan oor wat uit ons lewe weggeskeur word, nie wat in ons lewe groei of toegevoeg word nie. Pyn gaan oor wie nie meer leef nie en nie meer deel van ons lewe is nie. Haar dood vervul onsmet pyn, nie haar lewe nie.

Rou is hoe ons besig is om voort te gaan om verder sonder Rina te moet leef. Rou is nie 'n manier waarop ons saam met Rina nie, maar sonder Rina leef!

Die Here het nooit vir ons die kosmos gemaak as 'n plek waar ons met trane in ons oë moet leef nie omdat die dood nou maar net eenmaal deel van die lewe is nie. Daarom het hy self uit die dood uit opgestaan en sal Hy ons weer as mense met hom laat leef in die nuwe kosmos sonder die py, smart en rou van die dood.

7. In hierdie wêreld voor die nuwe skepping leef ons met rou en pyn en smart, maar met die troos: Hy is ons begin en Hy is ons einde.

Daarom is Rina se begin nie maar net 'n datum en haar dood ook nie maar net 'n datum nie. Die Here Jesus Christus is haar begin en einde. Hy is Rina se begin gewees en Hy is Rina se einde, nie die dood nie. Daarom gaan sy ook vir hom nuut wees.

En nou? Wat nou van Rina? Wat is die Here besig om met haar te doen en vir haar te wees voor Hy alles nuut maak?

U hoor dit in vers 2: "En ek het die Heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel sien neerdaal. Sy is gereed gemaak, soos 'n bruid vir haar man versier is." Die Here is nou besig om vir Rina te versier om deel van sy bruid, sy kerk te wees wat Hy uit die hemel sal laat neerdaal om deel van die nuwe skepping te wees.

Wat is die Here besig om nou met Rina te doen? Nou is hy besig om haar vir die nuwe skepping te versier. Versier klik so! Jy is sonder skuld. Ek versier jou met reinheid. Jy is heilig. Ek versier jou met Christus se heiligheid. Daar is geen onheiligheid in jou nie. Versier beteken: "Ek maak jou reg vir my liefde." Hy versier haar om vir sy liefde sonder smet en onberispelik te wees. (Efe. 5: 21 – 33)

Gereed om saam met die kerk nuut in sy nuwe skepping te leef.

8. Omdat die Here dit vir ons doen, die lewegewende water gee om ewig met Hom te leef van nou af tot in ewigheid en ons met ons dood gereed te maak vir die nuwe skepping, kan ons nou in hierdie skepping soos hy nou is, met die Here saam lewe.

Wat doen ons op hierdie aarde?

Ons rou. Ons aanvaar dit pyn en ons huil! Want dit is net vir hierdie aarde.

U sien iets hiervan in die laaste deel van die begrafnisbrief wat Rina self geskryf het. Ons rou nie as hierdie patetiese oorgawe aan die magteloosheid oor die dood nie. Hoe rou Christene? Ons rou as protes! Dit is hoe Rina was, protes: “Ek gaan dit nie aanvaar soos dit is nie. Ek gaan dit regmaak.”

Ons deurleef ons rou, smart en pyn as ons protes teen die dood!

Uit hierdie diep protes rou ek: “Dit mag nie só wees nie. Dit is nie en kan nie deel van die lewe wees nie.” Hierdie pyn wat ek ervaar en aanvaar en nie maak asof dit nie daar is nie. Hoekom deurleef ek hierdie pyn? Want dit is 'n protesdaad van 'n gelowige! Moes dit lekker gewees het, moet ek bly wees daaroor? Hoe rou ek? Want dit mag nie so wees nie. Die lewe mag nie so wees nie!

Daarom weet ons Hy gaan dit verander en Hy versier ons vir hierdie nuwe wêreld. Hy gaan 'n wêreld sonder trane skep, maar in hierdie wêreld moet ons protesteer teen die dood met rou, smart en pyn. Ons mag dit nie aanvaar as deel van die lewe want dit pas nie by die lewe nie. Want dit, die lewe, mag nie so wees nie.

Rina se brief wys dat sy protesteer teen hierdie houding dat alles word maar afgetakel, verouder en gaan agteruit. Die lewe soos God dit gemaak kan nie so wees nie. Die lewe is nuut elke dag en elke keer.

Daarom verwag ons van Christus wat self nuut uit die dood opgestaan het en wat die lewendgewende water is iets anders en meer as net die om die Here van hierdie bedeling te wees. Die lewe wat die Here gee, mag nie deel van die dood wees nie.

Hy is die Here wat nie alles klaar laat raak nie, maar alles afhandel om nuut te wees. Hy maak alles nuut en Rina is deel daarvan. Ons verwag dat Hy alles sal nuut maak, want die dood kan nie deel van die lewe wat Hy gee wees nie.